5 Junie 2022

Hoërskool Kategese

Psalm 104

wat wil jy vandag bereik?

Die verband tussen Psalm 104 en Pinkster is nie heeltemal duidelik nie. Gesels egter oor die betekenis van Pinkster.

Psalm 104 plaas lofprysing op die voorgrond. Gebruik die geleentheid om kinders bewus te maak van ons verantwoordelik teenoor die skepping.

Ter wille van gemeentes
wat gewoond is aan die ritme
van Kontak-kategese,
plaas ons in hakies
hoe dit in daardie raamwerk inpas.

Besef egter asb. dat NOUS weggestap het van Kontak-kategese. NOUS se kategese-model is steeds gebaseer op Groome se model, maar ons het dit verder ontwikkel sodat dit makliker in gemeentes toegepas kan word.

Gemeentes is welkom om lede van die NOUS span te nooi om opleiding rondom hierdie metodiek te kom aanbied.

ons storie: ysbreker (hier en nou)

Wat is vir jou die mooiste natuurverskynsel in die hele wêreld wat jy al met jou eie oë gesien het? (bv Tafelberg, 'n kameelperd in die Kruger Willdtuin, 'n sonsopkoms oor Hartenbos se strand).

Vandag is Pinksterfees. Gesels so bietjie oor wat ons vandag as Kerk moet vier!

word stil

Maak 'n lys van al die dinge in die skepping waarvoor jy die Here kan loof en prys!

Luister na hierdie lied so hard as wat julle kan en kyk of julle saam die Here kan loof en prys:

https://www.youtube.com/watch?v=8fT8TmX98uU

GOD se storie
wat sê die Bybel (daar en dan)

lees Psalm 104 saam as 'n groep

As daar tyd is, kan elkeen dit daarna weer op sy/haar eie tyd lees.



gesels dan oor die volgende saam

- Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het.
- Wat is die doel van God se skepping?
- Kyk of julle 'n lys kan maak van die dinge wat die Psalmdigter sê die Here gemaak het, sodat ons die lewe kan geniet.
- Mense was in daardie tyd baie bang vir die see. Hulle het gelo dat daar 'n Leviatan, 'n seemonster, is wat hulle kon vang. Wat dink die Psalmdigter hieroor?
- Wat kan ons leer deur na die skepping te kyk? Hoe behoort 'n gelowige die skepping te hanteer? Hoe beïnvloed ons hantering van die skepping ons verhouding met die Here?
- Wat is vir jou die wonderlikste ding van God se skepping?
- Op watter manier is God by sy skepping betrokke? Hoe sal die wêreld lyk as God nie die skepping onderhou nie? Kyk na vers 29.
- Kyk na vers 30. Die Hebreeuse woord vir 'asem' en 'Gees' is dieselfde. Wat is die rol wat die Heilige Gees in ons lewe speel?
- Hoe kan ons vir God wys hoe dankbaar ons is vir sy skepping?
- Wat leer ons van God uit hierdie Psalm? Wat leer ons oor die mens?
- Waar het jy God die afgelope week sien werk? Hoe kan die Heilige Gees ons help om God te 'sien'?

ons nuwe storie

Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons. Verder en Voor

Pak as groep 'n projek aan in jul omgewing om God se natuur te beskerm en versorg.

As God sy natuur versorg en onderhou, sal Hy mos ook vir jou versorg en na jou omsien. Kyk of jy God se hand in jou lewe kan raaksien en loof en dank Hom daarvoor.

na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is

- Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.
- Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Loof en prys die Here in gebed of sing 'n paar lofliedere

Aanbidding
"Here, ek aanbid U, want..."
Belydenis
"Here, vergewe my vir..."
Voorbidding
"Ek bid vandag vir..."
Danksegging
"Dankie, vir..."
Eie behoeftes en toewyding
"Here, help my om..."